Die einde van die nag

Teks: Matteus 27: 45 - 55
Teksvers: Matteus 27: 45

1. Inleiding

Geliefdes ons is vanoggend hier bymekaar op Goeie Vrydag. En miskien is dit ’n ou boodskap wat u telkemale van te vore gehoor het. Tog kan ons nie help om vanoggend weer opnuut verwonderd te staan vir die lig wat uitstaal vanuit troon van ons Hemelse Vader, die skepper en onderhouer van die heelal. Maar daar was ’n spesifieke tyd in die geskiedenis toe hierdie lig donker was.

Ons fokus vanoggend op hierdie drie ure duisternis waarvan ons lees in al drie die sinoptiese evangelies. Binne in hierdie 3 ure duisternis tref ons dan ten diepste aan wat ons ook vandag herdenk. Daardie oomblik wat alles vir die uitverkore Christene verander het. Want uiteindelik is hierdie drie ure duisternis baie meer as die blote natuurwetenskaplike wonderwerk wat met eerste oogopslag duidelik is.

Uiteindelik verdwyn hierdie drie ure duisternis om juis aan ons, ’n nuwe bedeling met die Nuwe Lig tot eer en verheerliking van die Here te gee. En dit is hierdie wonderlike nuwe begin wat ons ook vandag begin herdenk. Maar kom ons gaan kyk eers prakties na die wat gebeur daar rondom die kruis voor, tydens en na hierdie drie ure duisternis. Ons gaan fokus op die optrede van verskillende rolspelers teenwoordig.

Maar uiteindelik is die woorde van Christus wat hom uiteindelik onmiskenbaar openbaar as ons Verlosser. Kom ons word weer stil voor die groot prys wat ons vryheid en verlossing ook gekos het. Daar waar die volmaakte paaslam ook vir my en u sondes geoffer is. Kom ons gaan buig nederig voor die kruis, in duisternis, sodat ons uiteindelik in die ware Lig kan uitstap.

2. Die Vader van die ligte draai Sy aangesig weg

Wanneer ons lees van drie ure duisternis, dan is dit duidelik ’n natuurwonder en nie iets anders nie. Prakties kom hierdie drie ure se duisternis van 13:00 tot 15:00 die dag beleef. Daardie tyd waarop die son juis veronderstel is om op sy helderste te skyn. Sonsverduistering kon dit ook nie wees, juis as gevolg van Paasfees se konneksie met die nuwe maan, of volmaan. Dit is ook nie sommer net ’n bewolkte dag nie, daar was genoeg weerkennis om dit te kon weergee indien dit die geval was.

Nee die duisternis gaan baie meer oor die bron van Lig, wat afwesig is. Vandag uit ’n natuurlike wetenskaplike oogpunt weet ons dat lig van die son kom, dit is immers sonlig. Maar ons weet ook al uit Genesis 1 uit dat lig teenwoordig is, nog voor die son op die 4de dag geskape word. En woord ’n mens in die Genesis 1 skepping debatte verval, is daar nog ’n plek in die Bybel waar ons Lig sonder die son sien. In Openbaring 22:5 " 5Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie die lig van ’n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer.

Natuurlik in dit tydperk tussen die Genesis en Openbaring gee die Here vir ons die Son as ligbron. Maar wanneer die Almagtige Vader van die ligte, soos Jakobus 1:17 Hom beskryf, Sy aangesig van Sy eniggebore Seun wegdraai. Dan is selfs die son wat op sy helderste skyn, skielik magteloos. En dan is daar 3 uur algehele duisternis, terwyl Jesus die woorde uit Psalm 22 hardop uitbasuin: “2My God, my God, waarom het U my verlaat. Maar waarom is dit nodig, dat die Vader Sy aangesig wegdraai?

3. Al die sonde word gewreek

Hierdie 3 ure duisternis, is nie iets heeltemal waarvan niemand onder Israeliete ooit gehoor het nie. Uit Eksodus 10 weet ons dat die negende plaag 3 dae duisternis was. Ons weet dat daar wel lig in die Israelitiese woongebiede was. Maar die belangriker konneksie lê eerder in die volgende plaag. Ons weet dat die 10de plaag, die dood van die eersgebores was. Maar dit is ook juis tydens die tiende plaag dat Moses die volk gelei het om paasfees in te stel. Op die paasfees is die paaslam geslag te versoening van die sondes van die volk.

En dit is wat ook direk na die 3 ure duisternis gebeur. Die volmaakte paaslam sterf as ’n offer vir al ons sondes. Want al die paaslammers wat tot op hierdie punt geoffer is, was maar net ’n heenwysing na die Verlossing wat sou kom. En daarom getrou aan die evangelie volgens Matteus, sien ons ook dat die profesie vervul word. Daar is ’n plaasvervangende offer vir ons sondes.

In die duisternis hang Christus alleen en Godverlate aan die kruis. En ons weet dat dit eintlik ons is waarvoor die Here die aangesig moet wegdraai. Dit is eintlik ons wat alleen in die donker sonder hoop of uitkoms met ons sondes moet gelaat word deur die Here. Maar dit is juis die hart van die lydensgebeure wat ons vandag herdenk. Die Vader wat ons sondes nie op ons nie, maar op Sy eniggebore Seun wreek.

Die bewys dat ons sonde weggeneem is, sien ons in die vrye toegang na die allerheiligste van die tempel. In vers 51 lees ons dat die voorhangsel na die allerheiligste in twee skeur. Ons as mense het nou vrye toegang na die Vader. Ons Jesus Christus word in die donker aan die kruis, die weg, die waarheid en die lewe. Want die sonde wat die skeiding tussen ons en die Vader gebring het is weg.

4. Die nuwe lig

Die laaste saak waarop ons vanoggend fokus, is die feit dat dit nie donker bly nie. Die lig skyn weer. Maar dan is dit nie sommer net die gewone lig wat terug keer nie, dit is nuwe lig. Dit is daardie Johannes 8 lig wat ons nou sien. Jesus sê self in Johannes 8:12: “Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.” En weereens is dit nie ’n leë profesieë nie.

Ons sien in ons teksgedeelte in vers 54, dat die soldate, geharde romeinse teregstellers skielik die waarheid sien. Ons dien dit in hulle belydenis: “Hierdie man was werklik die Seun van God.”. Hulle word skielik met vrees gevul omdat hulle besef wat hulle gedoen het. Ons het vandag steeds die voorreg om in hierdie nuwe lig te leef. Om die ware lamp vir ons voet, en die lig vir ons pad te kan ervaar en beleef.

Op hierdie manier word hierdie verlossing iets prakties vanoggend. Want die kruisiging is nie maar iets wat eenkant afgehandel, 2000 jaar gelede plaasgevind het nie. Nee, daar waar u dalk vanoggend juis in ’n baie donker plek vasgevang is, ook daar sal die verlossende lig van die Here uiteindelik inskyn.

Die laaste saak is die voorreg van ons as kerk van die Here om ook van die begin af hierdie lig te kan beleef. Maria, Jakobus, Josef en die Seuns van Sebedeus is teenwoordig. Vir hulle ’n moeilike hartseer dag. Maar hulle sal ook soos ons opdrag vandag is, uiteindelik hierdie evangelie verkondig. Hulle sal hierdie lig die wêreld in dra, en ’n donker wêreld vandag het hierdie lig steeds so nodig.

5. Slot

Ons kan ten slotte afsluit met die volgende gedagte. Ons verwys na vandag as Goeie Vrydag. En op die oog af, maak dit nie regtig sin nie. Hoe kan ’n dag waarop sulke wreede dinge met ons geliefde enigste hoof en leier van die kerk gebeur, ’n goeie dag wees. Tog lê die goedheid juis hierin, die liefde van die Here vir sondaar mense soos wat ons was. Sien al die wrede dinge wat met Christus gebeur, is nie deel van die volmaakte skepping nie.

Nee, dit is ons as sondige mense wat die boosheid in die skepping indra. Dit is ons met ons voorliefde vir bose wat hierdie dinge laat gebeur. In die regverdigheid van God die almagtige Vader, kan Hy nie anders as om die sonde te straf nie. In Sy heiligheid ontvlam Sy toorn teenoor die bose. In ons teksgedeelte vandag, sien ons dat dit selfs die lig uitdoof.

Die wêreld tas fisies in die donker rond, en dit lyk asof alle hulp en hoop verlore is. Maar dit is juis dan wanneer dinge begin draai. Wanneer die ware lig begin deurskyn. Ja daardie lig wat eerstens my bose dade duidelik openbaar. Wat dit duidelik maak, waar ek na die leuens van die Satan geluister en dit nagevolg het.

Maar dan ook daardie lig wat hoop aan my gee. Wat my verseker dat daardie bose verlede, saam met Christus gekruisig is. Dat ek nou ’n nuwe mens is, wat tot Sy eer en verheerliking alleen kan leef. Dit is moontlik omdat niks ons van die liefde van Christus skei?, nie Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte.

Omdat ons die einde van die nag kan beleef is dit vandag ook vir ons ’n Goeie Vrydag,

Amen